142 059 sê nee

Elzeree van der Westhuizen met van die handtekeninge wat daagliks instroom vanuit verskie taal en kultuurgroepe om hul steun aan die projek gee.

Teatereienaar bekommerd

Kort nadat die "Jesus Projek" geloods is het 'n bekommerde teatereienaar geskakel. Die kerk in sy gemeenskap het hul lidmate aangesê om die teater te boikot solank as wat films vertoon word wat die Naam van God laster.

Die uitwerking van 'n "verbruikers boikot" word nie deur teaters verdiskonteer nie. Christene in Suid Arfrika is stelselmatig besig om die punt te bereik waar gesê kan word "genoeg is genoeg".

Sonder om onrealistiese verwagtinge te koester word Christene se belange lusteloos en lukraak hanteer. Daar is min indien enige aanduiding dat gelowiges se besware gehoor word.

Christene wil nie onredelik wees nie. Christene wil nie wêreldvreemd en ongeloofwaardig wees nie.

Christene het egter geloofseie oortuigings wat nie sondermeer ignoreer kan word nie. In die woorde van prof Hennie Stander, redakteur van Maksiman, - "Christene is nie sussies nie."

Vee eers voor jou eie deur

So skryf André van Niekerk onlangs in Beeld: "Wanneer jy vinger na ander wys, wys drie vingers na jou toe!"

Ons skerts hiermee, maar dit is baie waar ten opsigte van die derde gebod. Hierdie gebod is tans in die nuus vanweë die veldtog teen die misbruik van God se Naam en die moontlike verandering aan die eedformule in ons howe. Die gebod lui: "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal dié een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie." (Eks 20:7; Deur 5:11).

Die Here is nie 'n God vir los verhoudings nie! In *Die bybel* word die vaste verhouding tussen God en mens deur verskillende beelde weergegee. Een is die verhouding van trou tussen 'n man en 'n vrou. In die verhaal van die volk wat uit Egipte trek, word vertel dat God met die volk 'n vaste verbond gesluit het. 'n Deel van hierdie ooreenkoms is die tien gebooie.

Dat die gebooie negatief gestel is, pla 'n mens. Ons wil immers mense wees wat positiewe dinge doen. Die styl is nie vreemd van antieke verdrae nie. Dit kan ons herinner dat dit 'n verbond van genade is. Dit beteken nie "Indien ek dit en dat doen, sal die Here my God wees" nie.

Die Here gee eers redding, vryheid en 'n verbondsverhouding: "Ek is die Here wat jou uit Egipte gelei het . . ." Op hierdie genade volg die verbondsbepalings. Dis negatief omdat dit waarskuwings is waarmee 'n gelowige gereeld toets dat hy nie van sy kant die verbond ongedaan maak nie (Van Oyen). Dis asof die Here sê: "Ek is lief vir jou, red jou, en maak jou vry . . . daarom moet jy nie goed doen wat hiedie liefde, redding en vryheid ongedaan maak nie."

Die derde gebod is nes die ander in die eerste plek bedoel vir mense wat in 'n vaste verhouding met God lewe. Met hierdie derde waarskuwing toets ons of ons nie God se Naam misbruik om ons eie idees, belange en behoeftes te bevorder en te verdedig nie.

In die vroegste tyd van die gebod het dit waarskynlik verwys na die misbruik van God se Naam in 'n valse eed (Lev : 9:12 en Jer. 7:9). Deesdae het 'n naam nie meer die magiese waarde van destyds nie, maar ons gebruik God se Naam steeds sonder respek. Ons misbruik die Naam by geleenthede wanneer ons God se Naam vir ons eie voordele op subtiele wyses inspan, bloot uit gewoonte na God verwys en ook in voortvarendheid ons beskouiings met God se openbaring vereenselwig.

Eers wanneer 'n mens die gebod se drie vingers ernstig opneem, kan 'n mens vinger wys na misbruik van die woorde "God" en "Jesus" in rolprente en TV-programme. Christene behoort hierdie veldtog gekwalifiseerd te ondersteun, maar te waak teen nie-haalbare dreigemente.

Ons moet onthou dat motiewe vir God deurslaggewend is. Mense wat "O my God!" uit gewoonte sê, het nie noodwendig slegte motiewe nie, maar hulle het beslis slordige taalgebruik. Hulle vloek nie in die sin van die antieke tye deur met woorde bose kragte in werking te stel nie. Hul taalmisbruik ontstel ons wat die Naam ken. Daarom het ons die volste reg om te vra dat hulle daarmee ophou.

Hollywood het die bus verpas

Onder die opskrif "Does Hollywood hate religion" skryf Michael Medved, (filmresensent) reeds in September 1990:

"*Make no mistake: It is surely not just the high ticket prices or the gum on the seat or the easy availability of television and video tapes that keeps patrons from theatres.*

Americans are giving up on contemporary movies because they see their own deepest values so rarely reflected - or even respected - on screen. Hollywood, the mighty engine of popular culture, is hopelessly out of touch".